# KENNISGEWING VAN VOORNEME VAN 'N OMGEWINGSIMPAKSTUDIE (OIS)

**OMGEWINGSBESTEKBEPALINGSPROSES (OIS) vir 'n 400kV transmissie kraglyn tussen Eskom se Perseus substasie naby Dealesville en die Mercury substasie naby Vierfontein**

**Ingevolge Regulasie 4(6) van Goewermentskennisgewing No. R 1183 onder Artikel 26 van die Wet op Omgewingsbewaring (Wet No. 73 van 1989), word hiermee kennis gegee dat Eskom beoog om 'n nuwe 400kV transmissie kraglyn te bou en bedryf. Die voorstel is dat hierdie kraglyn gebou sal word tussen Eskom se bestaande Perseus substasie (noord-wes van Dealesville) en die bestaande Mercury substasie noord van Vierfontein. Die lengte van hierdie kraglyn sal ongeveer 300 – 350km wees.**

Hierdie kraglyn is vir Eskom belangrik omdat dit sal help om elektrisiteit aan die Coega-inisiatief te verskaf.

Om te verseker dat u as 'n geïnteresseerde of geaffekteerde party geïdentifiseer word, voorsien asseblief die onderstaande firma van u naam, kontakinligting en die rede vir u belangstelling voor of op **VRYDAG 25 APRIL 2003**.

## OPENBARE GELEENTHEDE

Ten einde aan lede van die publiek genoegsame geleentheid te bied om insette te lewer, sal die Voorlopige Bestekopnameverslag vir besigtiging en kommentaar beskikbaar gestel word (kontak asseblief vir Afrosearch vir 'n lys van die plekke waar die verskag beskikbaar gestel sal word, of indien u graag 'n kopie van die verslag op CD-Rom wil bekom). Voorts sal 'n kopie van die agtergrondinligtingsdokument sowel as 'n elektroniese registrasievorm beskikbaar wees op Eskom se webwerf: www.eskom.co.za/eia. Alle kommentaar moet ook aan Afrosearch gerig word.

Twee Openbare Vergaderings gekombineer met 'n Opedag sal ook gehou word om die projek aan die gemeenskap bekend te stel en om inligting, vrae en kwessies van die publiek af te versamel. Hierdie inligting word dan deur die Omgewingskonsultant in sy verslag verwerk om deur die Departement van Omgewingsake en Toerisme in ag geneem te word, tydens hul besluitnemingsproses. Die besonderhede vir hierdie geleenthede is as volg:

### BULTFONTEIN

DATUM: 23 April 2003

TYD: Opedag: 09:00 – 14:00

TYD: Openbare vergadering: 14:00-16:00

PLEK: Stadsaal (Bosmanstraat 3)

### BOTHAVILLE

DATUM: 24 April 2003

TYD: Opedag 09:00 – 14:00

TYD: Openbare vergadering14:00-16:00

PLEK:Kommandosaal (Langs Shell)

Om te registreer as 'n geïnteresseerde en geaffekteerde party of om verdere inligting te bekom, kontak asseblief die Openbare Deelname Konsultant (Afrosearch). Ons kontakbesonderhede is as volg:


| TEN EINDE TE REGISTREER OF OM VERDERE INLIGTING TE BEKOM, KONTAK ASSEBLIEF: | |
|---|---|
| **Marita Oosthuizen**<br>***E-Pos*: marita@afrosearch.co.za**<br>**Webwerf: www.eskom.co.za/eia** | ***Tel*: (012) 362-2908**<br>***Faks*: (012) 362-2463** |
| ***Posadres*: Posbus 13540, Hatfield, 0028** | |